Gegrendelde Lewens
Min sou ons weet wat 2020 vir ons sou inhou
Uitdagings, Hartseer, Angs en Pyn
Ons leer nuwe beginsels
Grendel staat
Nuwe Normaal
Aanlyn vergaderings en selfs skoolgaan
ñ Jaar wat lewens sou verander.

Ons as Voortrekkers dit nie gespaar
Maar ons is gerat
Ons lewens geanker op ‘n vaste basis
Ons is ABC kinders
Gebou op God se Woord

En tog sou ons die nuwe normaal hanteer
Ons sou elke uitdaging die hoof bied
Ons sou ons eie nuwe normaal bou
Want ons is geleer om waarde te heg aan dit wat saak maak

En nou raak ons stil en kyk terug ja ‘n jaar verby
Nee, geen horlosie kan ons terugdraai
Ons besef skielik watter impak dit op mense lewens gehad het

Ons sluit ñ jaar af met ñ enorme hartseer
God kom en pluk in hierdie jaar ñ klompie blomme in ‘n baie kort tyd
Kosbare blomme uit Voortrekker harte
Dit ruk ons tot stilstand
Laat ons weer introspeksie neem van lewe

Hy het ‘n ander plan, Hy het nie ‘n nuwe normaal nie
Nee Sy Woord was en is en sal wees tot in alle ewigheid die enigste normaal.
Ons groet 2020, dit het verby gegaan
Ons weet God se beloftes bly van krag
Tot in die duisendste geslag
Verbond met Abraham Sy Vriend
Bevestig Hy van kind tot kind

Nou kan ons vrede maak
Laat ons die herinneringe koester van hulle wat ons vooruitgegaan het
Koester die mooi van elk Offisier, Heemraad, Verkenner en Drawwertjie hart
Bou voort op beginsels mooi
En staan vas
Jou anker is God se Woord.